Donderdag 4 Augustus 1966

Die Vaderland

# Uitstalling toon nie Buffa se ware bekwaamheid

**GALERY 101 (Giovanni Buffa).**
**AVANT GARDE-LOKAAL (Georges Braque en Picasso).**

GIOVANNI BUFFA gebruik olie (en soms waterverf) oppastelpapier en bereik daardeur effekte wat baie dikwels soos groot grafiese werk voor kom.

Met hierdie uitstalling toon hy nie sy ware bekwaamheid nie aangesien hy 'n patroonformule gebruik wat hy doelbewus by al sy werke invoeg. Die rede vir die proses sal meer begryplik wees as die oorspronklike ontwerp besonder treffend of uitstaande is: nou is die basiese vormtema egter 'n liggaam (manlik of vroulik) wat hy vorendag bring met flitse kleur wat hy deurweef of bo-oor 'n ander kleur gebruik en daardeur 'n besonder treffende kleurharmonie skep.

Hier kan die vorm dan weer gemaak word van blare, takkies en stamme ('n skitterende massa heldergroen met draaddun stukkies geel) en daar kan dit weer 'n pilaar van sidderende vlamme wees met oranje en rooi kleurskakerings wat deur houtskoolgrys en swart weef.

. . . Die uitstalling toon dat die kunstenaar 'n besondere talent vir kontrasterende helder kleure teen donker, dreigende kleure het maar hy beperk sy talent deur die eentonigheid van die tema wat so herhaal word.

# Italiaanse skilders stal hier uit

Transvaler 18/7/66

TWEE kunstenaars van Italië se werke sal die volgende paar dae in Johannesburg uitgestal word.



GIOVANNI BUFFA

Giovanni Buffa se eerste eenman-uitstalling in Suid-Afrika by Galery 101, Jeppestraat 165, Johannesburg, word vanmiddag om 5.45 nm. geopen.

Dié jong kunstenaar is in Biella, Italië, gebore en het sy skilderonderrig in Bologna van meesters soos Giorgio Morandi en Virgilio Guidi, ontvang. Hy het verskeie pryse vir sy werke verower en het uitstallings in al die belangrikste stede in Italië en Europa gehou.